

SUBJECT LINE:

## **JONGSTE INLIGTING NÁ WEEK 2 VAN AANLYN-LEER-EN-ONDERRIG**

30 April 2020

Beste kollegas

Ons stuur hierdie skrywe terwyl ons bewus is dat die onsekerheid, onvoorspelbaarheid en bekommernisse oor die COVID-19-pandemie in ons persoonlike en professionele lewe 'n groter uitwerking op ons almal het as wat ons besef. Ons besef ook dat die nodigheid vir bedryfsvoortsetting binne die konteks van 'n pandemie verskeie uitdagings inhou.

Om die normale funksies van 'n universiteit voort te sit deur aangepaste maatreëls, protokols en planne te formuleer, te kommunikeer en toe te pas terwyl ons kollegas dalk kwetsbaar of broos is, mag klinies, prosessueel en onsensitief oorkom. Ons moet probeer om bedryfsvoortsetting so optimaal as moontlik toe te pas, maar moet bepaal wat die belangrikste funksies is en dit prioritiseer.

Ons waardeer ons personeel se harde werk om ons verpligtinge na te kom. Ons moedig ons kollegas aan om gemeenskaplikheid, kohesie en omgee vir mekaar te midde van sosiale afstandskapping te bevorder ten einde veerkragtig en vasberade te bly.

Op die vooraand van die eerste nasionale risiko-aanpassing sedert die begin van die tydperk van algehele inperking (van vlak 5 na vlak 4), wil ons graag ons Universiteit Stellenbosch-gemeenskap op hoogte bring ná ons tweede week van aanlyn-leer-en-onderrig. Ons het gehoop om groter duidelikheid oor die spesifieke riglyne vir die basiese onderwys- en hoëronderwyssektore te kry, maar die inligtingsessie deur die onderskeie ministers wat vir vanoggend geskeduleer was, is uitgestel. Bykomend tot die hoëronderwyssektor hou ons ook die verwickelinge rakende graad 12-leerders fyn dop, aangesien dit belangrik is vir ons 2021-eerstejaarinskrywings.

Gedurende die verlengde reseytydperk vir studente het ons personeel aan die menigte fasette van aanlyn-leer-en-onderrig – die enigste haalbare opsie vir die voortsetting van die akademiese program onder die huidige omstandighede – gewerk. Van 20 April af het ons van beplanning tot implementering oorgegaan, met die eerste geleentheid om ons stelsels en prosesse te toets.

Om aanlyn te gaan met leer en onderrig was waarskynlik nie so 'n groot leerkurwe vir ons studente – wat deel van die digitale generasie is – as wat dit vir baie van ons akademiëci was nie. Baie dankie aan al ons akademiese personeel en ons professionele en administratiewe ondersteuningsdienste wat hierdie uitdaging onder moeilike omstandighede aangepak het. Ons leer voortdurend en sal baie staaltjies oor hierdie jaar van aansienlike verandering in hoër onderwys en hoe universiteite funksioneer, kan vertel.

### **Gefasseerde herintegrasie van personeel**

Die risiko-aanpassing van vlak 5 na vlak 4 sal vir nou geen invloed op die funksionering van ons personeel van hul huise af hê nie. **Ons sal voortgaan om van die huis af te werk** soos wat die huidige reëling is totdat ons meer duidelikheid oor die spesifieke regulasies vir die hoëronderwyssektor het. Ons Afdeling Menslike Hulpbronne het proaktief aan 'n protokol vir die gefasseerde herintegrasie van personeel gewerk wat gefinaliseer sal word sodra ons uitklaring van die Minister van Hoër Onderwys, Wetenskap en Tegnologie gekry het.

Lynbestuurders moet asb daarop let dat institusionele riglyne tesame met tydlyne vir die terugkeer van personeel na ons kampusse verskaf sal word. Bestuurders sal verwag word om afdelingsriglyne

en bedryfsmaatreëls in ooreenstemming met die institusionele protokol aan te pas, insluitende die voldoening aan protokols vir sosiale afstandskewing en gesondheid, en om individue se moontlike gesondheidsrisiko's in ag te neem. Ons beplan ook om alle geboue diep skoon te maak alvorens personeel mag terugkeer.

**Personeellede moet dus slegs na die kantoor terugkeer wanneer duidelike kommunikasie van die Viserektor: Transformasie, Sosiale Impak en Personeel ontvang is dat die terugkeer goedgekeur is.** Aangesien 'n gefasseerde terugkeer in die vooruitsig gestel word, moet lynbestuurders voortgaan om personeellede met internetverbinding deur selfoon- of datatoelae te help indien hulle van die huis moet funksioneer.

### **Herstel van die stabiliteit van SUNLearn**

Ons is bewus van die uitdagings wat met die stabiliteit van die SUNLearn-platform ondervind is en ons deel jul frustrasies hieroor. Ons wil julle vra om geduldig te wees terwyl ons IT-afdeling voorkeuraandag aan die onderliggende tegniese kwessies gee.

### **Bykomende datum vir indiening van navorsing-meestersgraadtesis en doktorskeproefskrifte**

Ons studente is ingelig van 'n buitengewone reëling vir meesters- of PhD-kandidate wat op koers was om in Desember 2020 of Maart 2021 te gradueer, maar wat tyd verloor het weens die COVID-19-tydperk van algehele inperking (omdat hulle byvoorbeeld nie toegang tot primêre of sekondêre bronne kon kry nie). In ooreenstemming hiermee is 'n spesiale sperdatum van **1 Maart 2021** vir indienings goedgekeur. Kandidate wat hierdie opsie oorweeg, is gevra om dit met hul opsieners of promotors te bespreek. Hulle sal moet herregistreer vir die 2021-akademiese jaar, maar sal nie klagelde vir die graad wat in 2021 geëksamineer sal word, hoef te betaal nie. Hierdie kwytstelling sal slegs vir kandidate wat hul tesis of proefskrifte teen 21 Maart 2021 indien en vir die toepaslike graad geld. Enige uitstaande gelde vir 2020 sal steeds betaalbaar wees.

Wanneer studente aan die vereistes vir hul spesifieke kwalifikasies voldoen het, sal die suksesvolle kandidate 'n brief ontvang wat deur die Registrateur uitgereik is wat hul voldoening aan die vereistes vir die graad sal bevestig. Hierdie bevestiging sal voortsetting van studies, navorsing of werkgeleenthede moontlik maak. Hierdie studente sal dan in Desember 2021 gradueer.

Die **sperdatums vir die indiening** van tesis en proefskrifte in ooreenstemming met die aangepaste US-kalender sal steeds vir diegene wat in Desember 2020 en Maart 2021 wil gradueer, geld.

Tot aan die einde van 2020 sal die **elektroniese indiening en verspreiding van nagraadse tesis en proefskrifte** verpligtend wees. Die regulasie wat in Deel 1 (Algemeen) van die 2020-kalender vir nagraadse tesis en proefskrifte vervat is en bepaal dat tesis en proefskrifte óf in harde kopie óf in elektroniese formaat ingedien kan word, afhangende van die betrokke opsiener(s) of eksaminator(s) se voorkeur, is vir hierdie doel aangepas.

### **Aflewering van skootrekenaars**

Sover is 728 skootrekenaars by studente afgelewer wat hul deelname aan die skootrekenaarleningsinisiatief bevestig het. Ongelukkig is sommige afleweringe weens beperkinge wat deur die inperking-regulasies teweeg gebring is, vertraag, en in sommige gevalle omdat studente onvolledige inligting verskaf het. Die laaste afleweringe sal egter na verwagting binne die volgende paar dae geskied.

Die Universiteit Stellenbosch het die laaste week en gedurende die Vryheidsdag-langnaweek databondels vir vier selfoondiensverskaffers (CellC, MTN, Telkom en Vodacom) per e-pos en twee SMS-boodskappe aan meer as 30 000 van ons studente aangebied. Dit is beklemtoon dat studente die aanbod moes aanvaar en die korrekte kontakbesonderhede in 'n baie spesifieke formaat moes voorsien om te verseker dat versoeke digitaal vasgelê kon word.

Die Universiteit is baie bly dat ons data aan die groot aantal studente wat betyds en korrek gereageer het, kon verskaf. Studente wie se aansoeke suksesvol was, sal hul databondels oor die volgende paar dae ontvang.

Die US moes die aansoeke verwerk en dit in een bondel studentennommers aan die selfoonnetwerkverskaffers (MNO's) verskaf om die databondels vir die volgende maand te aktiveer. Indien jy aansoek gedoen het, maar nog nie 'n databondel ontvang het nie, was jou aansoek moontlik in die verkeerde formaat. Ongelukkig het 'n groot groep studente nie gereageer nie, of met onvoldoende besonderhede gereageer. Ons het gehoop dat die verskillende skrywes, insluitende plasinge op Facebook en Twitter, akkurate reaksies sou verseker. Die US het sy bes probeer om die data uit die verkeerde formaat te onttrek, maar hierdie onvolledige aansoeke kon egter nie op ons stelsel vasgelê word nie.

Die aanbod vir gratis databondels vir Mei is nou gesluit, aangesien die MNO's nie bykomende aansoeke oor die volgende 30 dae sal verwerk nie. Die studente het ongelukkig hierdie geleentheid misgeloop en die US sal nie enige verdere korrespondensie hieroor voer nie.

Ongeag of studente die Universiteit Stellenbosch se aanbod vir data-toekenning aanvaar het of nie, sal die gratis toegang tot SUNLearn en ander US-digitale platforms geld. Studente sal selfs sonder databondels toegang tot SUNLearn teen minimum datakoste kan verkry. Gedetailleerde inligting oor die gratis toegang tot webwerwe, asook [wenke om selfoonkoste te spaar](#) is op die [COVID-19-webblad](#) beskikbaar.

### **Bestuur gedurende 'n tydperk van ontwrigting**

Terwyl hulle aanlyn-leer-en-onderrig en die voortgesette verskaffing van ondersteuning aan ons studente wat in ons koshuise en private verblyf agtergebly het, implementeer, is die verskillende bedryfstrome van die Institusionele Komitee vir Bedryfsvoortsetting (IKBV) hard besig om vir moontlike scenario's wat in die komende maande mag voorkom, te beplan.

Terwyl daar steeds verskeie onsekerhede is, oorweeg ons verskeie moontlike opsies soos hoe ons byvoorbeeld studente in 'n gefasseerde benadering na die kampus kan laat terugkeer terwyl ons voorkeur gee aan graadprogramme wat kliniese rotasies of praktiese assessering vereis om die 2020-akademiese jaar suksesvol te voltooi. Dit is een van talle scenario's wat tans deur die IKBV oorweeg word, insluitende 'n scenario waar die US die eerste semester ten volle aanlyn voltooi, met 'n gefasseerde terugkeer na kampusse vanaf Julie; 'n scenario waar daar in Oktober 2020 na kontakonderrig teruggekeer word; en selfs 'n scenario waar die hele 2020-akademiese jaar voltooi sal word sonder dat studente na ons kampusse terugkeer.

Ek wil beklemtoon dat al hierdie opsies deel is van **moontlike scenario's** wat tans oorweeg word om ons beplanning te fasiliteer. Hulle bly almal onderhewig aan nasionale regulasies en risikobepalings by die US. Selfs al sou die nasionale regulasies studente in beginsel toelaat om na kampusse terug te keer, bly dit die Universiteit Stellenbosch se verantwoordelikheid om te verseker dat die gesondheid en welstand van personeel, studente en die plaaslike gemeenskap met so 'n terugkeer in ag geneem word. Dit mag vereis dat studente wat na die kampus terugkeer, vir tot twee weke voor die aanvang

van lesings onder kwarantyn bly. Selfs dan sal streng gesondheidsprotokols en beperkte beweging geld.

### **Ter afsluiting**

Om in algehele inperking te wees, kan afstand tussen ons en ander skep. Om ons professionele en gesinslewe in dieselfde ruimte te balanseer, asook vrese oor die toekoms, bykomende verantwoordelikhede van tuisskool en finansiële en mediese bekommernisse, is van die faktore wat die grootste uitwerking op ons vermoë om positief en gefokus te bly. Dit mag soms oorweldigend voel, maar onthou dat daar selfs gedurende die tydperk van algehele inperking verskeie ondersteuningsdienste beskikbaar is. Raadpleeg asb die [COVID-19-webblad](#) vir meer inligting.

Waarmee ons tans besig is, is nie net bloot ons werk nie. Ons is elkeen 'n skakel in 'n ketting van bedrywighede om te verseker dat ons studente hul akademiese jaar suksesvol kan voltooi, ondanks die COVID-19-pandemie.

Met ons opregte dank

Prof Wim de Villiers  
Rektor en Visekanselier

Prof Stan du Plessis  
Voorsitter: IKBV